# Die verhaal van Turbo Tom – SA 86-18790: Blue Check Cock

Die volgende skrywe is na my beste wete die korrekte feite – Martin van Staden.

Die afgelope jaar of wat was daar weer baie vrae en stories oor die legendariese Turbo Tom. Hiermee dan hierdie unieke duif se lewensverhaal, asook party van sy nageslag, soos opgeteken en met die feite tot my beskikking.

Van die stamboom inligting het ek voorheen bekom uit die verkopings katalogus van Banie Deetlefs (1990).

Turbo Tom was `n 2 x Federasie wenner en was die beste duif in Pretoria Federasie in 1988. Hy is geteël & gevlieg deur Banie Deetlefs. Op 24 Maart 1990 koop Mias Wessels (Noord Vrystaat) Turbo Tom op Banie se algehele uitverkoping. In 1991 verkoop Mias Wessels egter al sy duiwe en ek word die nuwe eienaar van Turbo Tom. Hy bly hierna in my besit tot en met sy dood in 2003, toe 17 jaar oud, maar steeds vrugbaar.

Hierdie duif se kinders het uitsonderlike prestasies behaal by almal wat van hulle bekom het. Baie min van sy direkte kinders is ooit gevlieg en meestal is sy kinders direk in die stoethok oorgeplaas. Van die enkele kinders wat wel gevlieg het, was daar selfs `n paar dubbel unie wenners en was sy een dogter (7253) ook `n SANPO langpad medalje wenner in 2001.

Ek het aan Charl Stander `n seun (3001) gegee in 1993 wat verskeie kampioene en unie wenners vir Charl geteël het. In 1998 – 2000 word Turbo Tom aan Charl geleen en weer eens teël hy verskeie kampioene vir Charl & myself. Turbo Tom se kleinkind wen o.a. vir Charl die bakkie in 2002.

Ongelukkig het ons op `n stadium telling verloor van hoeveel unie en combine wenners uit Turbo Tom stam, maar met my laaste telling, `n hele paar jaar gelede, was daar reeds meer as 100 Unie en Federasie wenners wat ek kon opspoor. In Pretoria was daar ook meer as 25 Pretoria Combine wenners uit sy nageslag oor die laaste 10 jaar wat ek daar gevlieg het. Persoonlik reken ek dat die mees uitstaande prestasies wat sy nageslag opgelewer het, die verskeie SANPO medaljes was wat oor die laaste klompie jare met sy nageslag gewen is. Wat dit meer merkwaardig maak is dat hierdie medaljes oor die kort, middle, langpad en algehele beste duif kategorieë gewen is. Turbo Tom was voorwaar `n duif wat sy wen-gene aan sy nageslag oorgedrag het.

**TURBO TOM: STAMBOOM & VOORSATE**:
As ons na Turbo Tom se voorsate kyk, kano ns duidelik sien waar al die wen gene vandaan kom.
Pa van Turbo Tom alias "Afbeentjie" SAHU TVL -80 29118 LC Hermans-Fihrens Croxford-Putterie. Afbeentjie was `n seun van die Thoms Cock en teël verskeie wenners. Turbo Tom se oupa aan vaderskant, die "Thomas Coc" (63-54670, `N HALF BROER VAN Ben van As se beroemde "Pearl Eye" cock wat vir Ben 25 wenners geteël het. Thomas Cock self was `n fenominale teëlduif. Hy teël in vyf seisoene 32 x klub wenners in agt verskillende hokke. Ook 2 x die beste duif in Pretoria Federasie asook die 2de beste duif in Pretoria Federasie. Turbo Tom se ouma aan vaderskant was geteël uit Ronnie Croxford se "Perfect Pair". Die paar was so genome omdat hulle kinders die meeste TRPF fedrasies gewen het op `n sekere stadium in die TRPF geskiedenis.

Ma van Turbo Tom alias die "Van Engela Hen" - SA -82 330487 BB (Ex Johan Serfontein). Sy teël o.a. 4 wenners voordat sy verkoop word.

**TURBO TOM DIE VLIEGDUIF:**
Turbo Tom was `n briljante vliegduif en was o.a. `n 2 x Federasie wenner en het ook verskeie plekke in die top 10 van die Federasie gevlieg. Uit 11 wevlugte waaraan hy deelgeneem het, het hy slegs 1 x die top posisies gemis. Hy was ook die beste duif in die klub en die beste duif in die Pretoria Wedvlug Federasie.

Daar was 17 verskillende duiwe wat SANPO toekennings gewen het van 1999 tot 2021. Wat die prestasie meer merkwaardig maak is die feit dat dit in 9 verskillende duiweboere se hokke was.

SANPO OLIMPIADE DUIF LANGPAD 19999 (2de SANPO) – sa 68476/97 – Charl Stander.
SANPO BRONS LANGPAD 2001: SA 7253/00 – Charl Stander.
SANPO GOUD KORTPAD 2002: SA 15920/00 – Martin van Staden.
SANPO GOUD MIDDELPAD 2002: SA GRPA 7549/01 - Charl Stander.
SANPO GOUD ALGEHEEL 2002: SA 15920/00 – Martin van Staden.
SANPO BRONS LANGPAD 2002: SA GRPA 7548/01 – Charl Stander.
SANPO GOUD KORPAD 2004: SA PSPU 162/02 – Jan Botes.
SANPO BRONS MIDDELPAD 2004: SA 5919/03 – Charl Stander.
SANPO BRONS LANGPAD 2004: SA PSPU 6822/02 – Martin van Staden.
SANPO BRONS KORTPAD 2008: SA 6012/05 – Martin van Staden.
SANPO BRONS KORTPAD 2009: ZA 23593/07 – Herman Burger.
SANPO BRONS LANGPAD 2009: ZA 2007/7336 – J & M King.
SANPO GOUD LANGPAD 2010: ZA 2007-8267 – Deetlefs & Du Preez.
SANPO GOUD LANGPAD 2013: ZA 2011 42450 – W.J. van Zyl.
SANPO SILVER ALGEHEEL 2013: ZA 2011 42450 – W.J. van Zyl.
SANPO SILVER MIDDELPAD 2015: ZA 2013 09981 – Alwyn Bester.
SANPO GOUD ALGEHEEL 2015: ZA 2013 09981 – Alwyn Bester.
SANPO GOUD KORTPAD 2019: ZA GPU 2430/2017 – Gert de Necker & Joe Gomes.
SANPO GOUD ALGEHEEL 2019: ZA GPU 2430/2017 – Gert de Necker & Joe Gomes.
SANPO BRONS MIDDELPAD 2019: ZA 27628/2017 – Du Preez & Deetlefs.
SANPO GOUD KORTPAD 2021: ZA PWDU 9849-20 – Du Preez & Deetlefs.
SANPO GOUD MIDDELPAD 2021: ZA PWDU 9849-20 – Du Preez & Deetlefs.
SANPO GOUD ALGEHEEL 2021: ZA PWDU 9849-20 – Du Preez & Deetlefs.

**“ONE LOFT RACES” EN BAKKIE WENNERS UIT TURBO TOM BLOED.**

Charl Stander wen in 2002 die bakkie en die Tshwane Combine met `n kleinkind.
Jaques Parsons (Bloemfontein Federasie) was die bakkie wenner oor 3 vlugte met Turbo Tom bloed.
Peet Drotskie (THU) – wen die TRPF/THU bakkie in 2004 van Cradock (720km) met `n kleindogter.
Gaddin & Stander wen in 2010 die bakkie by Noupoort Hokke.
Gaddin & Stander – wen ook 2 x die SAPIR One Loft Final, beide duiwe uit dieselfde kleinseun van Turbo Tom.
Gddin & Stander wen in 2009 die Klapmuts One Lofts vlug. Geteël uit `n kleinseun.
Alwyn Bester het ZA -16 10122 “Dart” geteël uit Turbo Tom bloed wat die Ace duif was by Victoria Falls OLR in 2016/17.

**FINALE OPMERKINGS:**

Ek was gelukkig bevoorreg om Turbo Tom te besit. Baie van my duiwe vriende het van die bloedlyn bekom en baie van hulle het uitsonderlike prestasies behaal waar die bloed met hul eie families gekruis was. Vandat ek in die Kaap aangekom het weet ek van ten minste 17 trok wenners wat uit die bloedlyn kom. Wat my veral opgeval het oor die jare is dat na vele generasies die wenbloed nogsteeds relevant is. My persoonlike duiwe loopbaan sou beslis armer gewees het as ek nie Turbo Tom besit het nie. Ek het van klub wenners tot super wenners uit die bloed gehad. Ek hoop elke duiwerboer sal eendag sy eie duif soos hierdie besit.

Ek salueer die duif Turbo Tom.